191. Ra. 1(26)

# INSAKE AANKONDIGING VAN DIE MINISTER VAN NASIONALE OPVOEDING, NO. R. 2029, STAATSKOERANT, 12 NOVEMBER 1971.

(Radio-onderhoud, 25 November 1971)

Deur PROF. H.B. THOM,
Voorsitter van die Nasionale Onderwysraad.

Die aankondiging van die Minister van Nasionale Opvoeding kort gelede in die Staatskoerant, oor die toekomstige bedeling in ons onderwys, het allerweë groot belangstelling opgewek en is deur gesaghebbende persone met veel byval begroet. Die Nasionale Onderwysraad is baie dankbaar hieroor, want dit is 'n uiters belangrike aangeleentheid wat lank deur die Raad ondersoek en bestudeer is en waaroor hy dus na rype en versigtige beraad sy advies aan die Minister gegee het.

Ek wil nie bloot die inhoud van die Minister se aankondiging verduidelik nie; daaroor is immers reeds heelwat gesê en geskryf. Veel liewer stip ek net 'n paar hoofpunte van die betekenis van die nuwe bedeling aan.

Die onderwys in ons skole sal in die toekoms gedifferensieerde onderwys wees. Dit beteken dat leerlinge veel meer in staat sal wees om dié studievakke te kies waarvoor hulle belangstelling, aanleg en bekwaamheid besit. Dit beteken ook dat, in verband met die keuse van studievakke deur leerlinge, daar soveel doenlik met die behoeftes van ons land rekening gehou sal word. Dit beteken dus ten slotte dat die groot potensiaal, wat ons jongmense verteenwoordig, veel beter in nasionale belang aangewend sal word.

Om dit te kan bereik, sal daar aan die leerling behoorlike leiding verskaf word om die regte vakke te kies, en sal daar ook 'n verskeidenheid van studierigtings aangebied word waaruit hy 'n keuse kan doen. Ons het hier hiermee die kern van die stelsel van differensiasie aangestip.

Vir toelating tot die universiteite sal nou ook vakke erken word wat vroeër nie erken is nie. Die bedoeling is om die jongmens in die geleentheid te stel om ook aan die universiteit ooreenkomstig sy aanleg

2/....

en bekwaamheid te studeer. Terloops, miskien sal dit ook help om 'n hoë druipsyfer aan die universiteite te verminder.

Ek moet hier egter 'n duidelike woord van waarskuwing laat hoor. Ek het verskeie mense hoor sê dat dit nou baie makliker gaan word om die finale skooleksamen suksesvol af te lê en universiteit toe te gaan. Dit is glad nie sonder meer waar nie. Daar is nie sprake van "makliker maak" in die sin van standaarde verlaag nie. Immers, niemand van ons sal standaarde wil verlaag nie.

Al wat gebeur, is dat daar meer redelikheid en billikheid kom : jongmense sal nou ooreenkomstig hulle sterkte kan studeer, maar hulle sal nog steeds hoë standaarde moet bereik.

Ek moet ook waarsku dat daar nou 'n veel groter verantwoordelikheid ten aansien van vakkeuse gelê word op voorligters, leerlinge en hulle ouers. Leerlinge moet nou uit 'n groter verskeidenheid van studierigtings kies; en hulle moet reg kies, want as hulle byvoorbeeld universiteit toe wil gaan, moet hulle vakkeuse nie net die pad oophou na die universiteit toe nie, maar ook die pad na die betrokke graadkursus binne die universiteit. Dit is noodsaaklik, want universiteite stel dikwels besondere vereistes in verband met toelating tot sekere fakulteite. Die gematrikuleerde moet nie dalk vind dat hy, ondanks die groter vakkeuse en beter kanse, wat hy gehad het, by die universiteit voor 'n toe deur kom nie.

Afgesien van alles wat met differensiasie saamhang, bring die nuwe bedeling, soos dit deur die Minister aangekondig is, nou volle duidelikheid daaroor dat die onderwys vrye onderwys sal wees, en dat die onderwys 'n Christelike karakter en breë nasionale karakter sal dra.

Belangrike riglyne word ook neergelê. So word byvoorbeeld bepaalde skoolfases in die primêre en sekondêre skooljare ingedeel, sodat die nuwe stelsel des te beter sal kan slaag. Ook word die aard en omvang van klas- en vakonderwys in die onderskeie skoolfases aangedui, en word die plek en omvang van algemeen-vormende, van praktiese en van beroepsgerigte onderwys gestel.

Dit is goed om te weet dat die Minister die samewerking van alle erkende onderwysinstansies verkry het, en dat veral ons Direkteure van Onderwys

geesdriftig en positief gereageer het.

Ons het te doen met 'n grootse, ingrypende bedeling. Dit is die resultaat van volgehoue onderwysontwikkeling; dit kan die ware nasionale karakter van ons onderwys kragdadig versterk; dit mag nog die betekenisvolste beleidsverandering blyk wat ons onderwys in veertig jaar beleef het.